

KONiNKRYKSTYD

In dié kerkjaarseisoen
gesels ons oor
dissipelskap en groei.

Laai die DinkJeug
Families app af. Luister,
lees, gesels en bid saam.



HUISGELOOF

OEFEN
1 Tim 4

OMGEE

Oefening hou ons gesond en is iets wat ons gereeld moet doen. Gesels oor:

- jou gunsteling sport
- verkies jy spansport / alleen oefen?
- skoolsport / ander sport?
- elke dag oefen / soms?
- sport kyk / deelneem?
- nuwe sportsoort wat jy probeer het

DOEN

Besluit saam watter tyd van die dag julle wil opsy sit om na die DinkJeug familie podcast (app) te luister. Kinders, julle kan die tyd iewers opskryf om almal te herinner. Onthou: 'n gewoonte word gevorm deur herhaling! Tieners, laai ook die YouVersion Bible App af sodat jy op jou selfoon kan Bybellees.

GESELS

Geloofsgewoontes is dinge wat ons doen om ons geloof te laat groei en in te oefen soos bid, Bybellees en om diensbaar te wees.

Lees: 1 Tim 4:7b-10

- Vertel van 'n keer toe jy moes oefen om iets nuut te doen.
- Wie het jou gehelp?
- Wat is geloofsgewoontes?
- Wie/wat help jou om dit in te oefen?
- Wat beteken "toewyding"?

BID

Here, help ons om daaglik te oefen om U te volg met toewyding ... Amen



Laai die
DinkJeug
Families app
gratis af:



Google Play:



Apple iStore: